

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Appélnommer : A34/2011

In die appél tussen:-

REGGIE SPEEK

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

VAN ZYL, R *et* VAN ROOYEN, WND R

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL, R

GELEWER OP:

19 APRIL 2012

- [1] Appellant het as beskuldigde 1 saam met 'n mede-beskuldigde, Calvin Topkin, synde die klaagster se moeder, tereggestaan op drie aanklagte van onsedelike aanranding en vyf aanklagte van verkragting. Beskuldigde 2 is onskuldig bevind en ontslaan op al agt die aanklagte. Appellant is skuldig bevind op aanklagte 1 tot 5, soos aangekla, en onskuldig bevind en ontslaan op aanklagte 6, 7 en 8. Appellant is daarop as volg gevonniss:

1.1 Ten opsigte van aanklagte 1 tot 3 (onsedelike aanranding): Drie (3) jaar gevangenisstraf in terme van Artikel 276(1)(b) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (hierinlater na verwys as “die Strafproseswet”) op elk van die aanklagte.

1.2 Ten opsigte van aanklagte 4 en 5 (verkragting): Tien (10) jaar gevangenisstraf in terme van Artikel 276(1)(b) van die Strafproseswet op elk van die aanklagte.

Dit is gelas dat die vonnisse op die vyf aanklagte sodanig samelopend uitgedien moet word dat appellant ‘n totale termyn van vyftien (15) jaar direkte gevangenisstraf moet uitdien.

[2] Appellant kom nou met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen sy skuldigbevindings sowel as die opgelegde vonnisse.

[3] Ek ag dit noodsaaklik om reeds op hierdie stadium in meer detail te vermeld wat die bewerings in die klagstaat teen appellant was met betrekking tot elk van die aanklagte,

aangesien dit uiters relevant is in die onderhawige appèl.

- 3.1 In aanklag 1, onsedelike aanranding, is dit beweer dat appellant gedurende 2006 te Oppermansgronde in die distrik van Koffiefontein weerregtelik en opsetlik vir Deneline Remmelien, 'n 13-jarige meisie (hierinlater na verwys as “die klaagster”), onsedelik aangerand het deur haar hand op sy privaatdeel te sit, sy vinger in haar privaatdeel te druk en haar privaatdeel te lek.
- 3.2 In aanklag 2, onsedelike aanranding, is dit beweer dat appellant gedurende 2006 te Oppermansgronde in die distrik van Koffiefontein wederregtelik en opsetlik die klaagster onsedelik aangerand het deur aan haar privaatdeel te vat.
- 3.3 In aanklag 3, onsedelike aanranding, is dit beweer dat appellant gedurende 2006 en te of naby Koffiefontein, in die distrik van Koffiefontein, wederregtelik en opsetlik die klaagster onsedelik aangerand het deur haar borste te suig, haar privaatdeel te betas en haar te dwing om sy privaatdeel te betas.

- 3.4 In aanklag 4, verkragting, is dit beweer dat appellant gedurende 2006 en te of naby Koffiefontein, in die distrik van Koffiefontein, wederregtelik en opsetlik die klagster verkrag het.
- 3.5 In aanklag 5, verkragting, is dit beweer dat appellant gedurende 2006 en te of naby Koffiefontein, in die distrik van Koffiefontein, wederregtelik en opsetlik die klagster verkrag het.
- 3.6 In aanklag 6, verkragting, is dit beweer dat appellant gedurende 2006 en te of naby Koffiefontein, in die distrik van Koffiefontein, wederregtelik en opsetlik die klagster verkrag het.
- 3.7 In aanklag 7, verkragting, is dit beweer dat appellant gedurende 2006 en te of naby Koffiefontein, in die distrik van Koffiefontein, wederregtelik en opsetlik die klagster verkrag het.
- 3.8 In aanklag 8, verkragting, is dit beweer dat appellant

gedurende 2006 en te of naby Koffiefontein, in die distrik van Koffiefontein, wederregtelik en opsetlik die klaagster verkrag het.

- [4] Wat die klaagster se getuienis betref, is ek nie voornemens om dit in detail hier te herhaal nie. Dit is in ieder geval reeds op volledige wyse opgesom en uiteengesit in die hof *a quo* se uitspraak. Vanweë sekere bevindings wat hierinlater gemaak gaan word, ag ek dit egter noodsaaklik om op uiters kort wyse te verwys na die onderskeie voorvalle van onsedelike aanranding en/of verkragting waaroor die klaagster getuig het.

4.1 Die eerste voorval het plaasgevind by appellant se huis, waar appellant die klaagster en homself in appellant se kamer toegesluit het. Hy het sy hand op haar klere op haar privaatdeel gesit, haar hand op sy klere op sy privaatdeel gesit en sy tong in haar mond gedruk. Volgens die klaagster was hierdie die eerste voorval, synde op 16 Julie 2006, en kan sy die datum spesifiek onthou, aangesien sy dit op haar selfoon se geheue gestoor het.

- 4.2 In appellant se huis in die sitkamer, het appellant die deur gesluit en die gordyne toegetrek. Hy het haar op die sofa laat lê, haar bloesie uitgetrek en haar borste gesuig.
- 4.3 Die klaagster is saam met appellant na die skaapkraal en het hulle teen die koppie opgeklim. Hy het haar tussen die klippe laat lê, al sy klere uitgetrek en ook haar klere uitgetrek. Appellant het sy middelvinger in die klaagster se privaatdeel gedruk. Hy het sy privaatdeel in haar privaatdeel probeer insit, maar dit wou nie, dit het uitgeglip.
- 4.4 Die klaagster was by haar moeder se winkel saam met appellant in die winkel se toilet. Appellant het op die toilet gesit, hy het haar broekie uitgetrek, haar opgetel en haar op hom neergesit. Hy het sy privaatdeel in haar privaatdeel gedruk, waarna hy bewegings uitgevoer het en ejakuleer het.
- 4.5 Die klaagster was saam met appellant in sy bakkie, toe hy haar broek se ritssluiters oopgemaak het en sy hand

op haar privaatdeel gedruk het en ook sy vinger in haar privaatdeel gedruk het. Hy het sy tong in haar mond gesit en ook haar borste gesuig.

4.6 Die klaagster het die betrokke aand saam met appellant in sy bakkie gery toe hulle iewers tussen die bosse stilgehou het. Hy het sy hand in haar privaatdeel gesit en ook haar privaatdeel gelek.

4.7 Die klaagster en appellant was in 'n winkel wat in die nabyheid van die droogskoonmakers is. Hy het 'n matras vanaf sy bakkie op die winkel se vloer gegooi. Hy het die klaagster aangesê om te lê en haar bene oop te maak. Ek ag dit nodig om haar spesifieke getuienis hier aan te haal wat as volg lees:

“Hy druk toe sy penis in my privaatdeel. Hy sê ek moet sy penis indruk by die gaatjie maar ek doen dit nie. Hy vra toe of sy penis binne was. Dit was nie maar ek sê dit is binne. Hy lek en suig my toe op my privaatdele en my borste.”

4.8 Die klaagster was saam met appellant in sy suster se

kamer. Hy het op die bed gelê en vir klaagster aangesê om bo op hom te lê.

- 4.9 Op die plaas by 'n kamp, het appellant en die klaagster weer teen 'n randjie uitgeklim. Appellant het sy klere uitgetrek en vir die klaagster aangesê om te lê. Hy het toe bo-op haar gelê. Hy het ook sy vinger in haar privaatdeel gedruk. Haar verdere getuienis hier rondom haal ek *verbatim* aan:

“Toe probeer hy sy penis indruk. Hy vat toe self sy penis en druk dit in gaatjie. Toe ek sy penis wil wegvat toe druk hy my vas.”

- 4.10 By appellant se huis, het appellant sy klere uitgetrek en ook die klaagster se klere uitgetrek. Hy het toe met sy hande aan haar privaatdeel gevat en ook aan haar borste.

- 4.11 Die klaagster was saam met appellant by sy winkel. Hy het haar gevra om 'n kondoom aan sy privaatdeel te sit. Terwyl sy daarmee gesukkel het, het hy

ejakuleer. Hy het haar toe aangesê om die kondoom in 'n wit glas te sit en dit in die “kerk yard” te gaan weg gooi. Sy het dit toe gedoen. Toe sy terugkeer na appellant, het appellant sy hand in haar broek gesit en sy middelvinger in haar privaatdeel gedruk.

- [5] Die klaagster het twee beëdigde verklarings afgelê en is sy met die inhoud daarvan ten tyde van haar getuienis aflegging gekonfronteer. Ek ag dit weereens noodsaaklik om op baie kortlikse wyse na die klaagster se bewerings ten opsigte van die onderskeie voorvalle in die twee verklarings te verwys. In die verklaring van 30 September 2006 het sy die volgende voorvalle beskryf:

- 5.1 Volgens die klaagster was die eerste voorval by appellant se huis in die sitkamer, waar hy die gordyne toegetrek het en die vensters en deure toegemaak het. Hy het verskeie onweloweglike voorstelle aan haar gemaak, wat sy nie wou doen nie. Hy het toe sy broek oopgemaak en haar hand op sy privaatdeel gesit. Hy het ook aan haar borste gevat. Hy het haar broek en haar onderklere uitgetrek en toe sy vinger in

haar privaatdeel gedruk. Hy het ook met sy hele hand aan haar privaatdeel gevat. Verdermeer het hy ook haar privaatdeel gelek.

5.2 Die klaagster was saam met appellant in sy bakkie, toe hy sy hand in haar broek gesit het en aan haar privaatdeel gevat het.

5.3 Die klaagster was saam met appellant in 'n winkel naby die droogskoonmakers te Koffiefontein. Hy het 'n matras wat agter in die bakkie was op die winkel se vloer gegooi. Hy het gesê dat hulle op die matras moes lê. Hy het haar hempie opgetel en haar borste gesuig. Appellant het toe die klaagster teen die muur vasgedruk en bo-op haar gelê. Hy wou haar klein broekie aftrek, maar sy het gekeer. Hy het toe sy hande voor by haar broekie ingedruk en haar aangesê om haar hande by sy broek in te druk.

5.4 By appellant se winkel, in teenwoordigheid van die klaagster, het appellant 'n kondoom aangesit en wou hy sy privaatdeel in haar privaatdeel druk, maar kon

dit nie regkry nie. Hy het egter aangehou om, soos sy dit stel, “aan my te vat”.

- 5.5 Die klaagster en appellant was by appellant se plaas by ‘n sekere kamp. Hy het gesê dat hulle anderkant die randjie moes gaan. Appellant het toe tussen die klippe gaan lê en sy T-hemp uitgetrek en die klaagster forseer om ook haar T-hemp uit te trek. Appellant het op die klaagster gelê, haar kortbroek en haar klein broekie afgetrek en sy privaatdeel in haar privaatdeel gedruk. Hy het haar ook verder betas en haar borste gesuig.

Wat die verklaring van 15 Februarie 2008 betref, het die klaagster opsommenderwys die volgende bewerings gemaak:

- 5.6 Volgens die klaagster het die eerste voorval plaasgevind op 16 Julie 2006, by appellant se huis terwyl sy vrou wasgoed gewas het, waar appellant haar na sy kamer gevat het en “verkrag” het.

Sy meld dan dat dit in totaliteit min of meer vyf keer gebeur het, maar kan sy nie die datums daarvan onthou nie.

5.7 Volgens haar was die tweede keer wat hy haar verkrag het op sy plaas by die kraal.

5.8 Appellant het ook die klaagster twee keer by haar ma se huis verkrag.

5.9 Appellant het ook met die klaagster na die Jacobsdal grondpad gery en haar daar verkrag.

5.10 Appellant het die klaagster ook by haar ma se winkel se toilet verkrag.

5.11 By geleentheid het appellant ook die klaagster in sy bakkie op sy plaas verkrag.

5.12 Appellant het ook die klaagster by die winkel in die nabyheid van die droogskoonmakers verkrag.

5.13 Klaagster meld ook dat daar ander geleenthede was, maar wat sy nie mooi kan onthou nie.

- [6] Wat appellant se weergawe betref, was daar wel 'n hegte verhouding tussen hom en die klaagster, deurdat die klaagster, volgens haar siening, vir appellant en sy vrou as haar ouers aangeneem het. Daar was egter probleme tussen appellant en die res van die Rummelien-familie, wie neefs van die klaagster se oupa is. Die klaagster het by haar oupa grootgeword. Volgens appellant het die klaagster egter haar oupa by hom en sy vrou beskinder en gesê dat sy nie meer by haar oupa se huis wou bly nie. Wat sommige van die plekke en gebeure betref ten opsigte waarvan die klaagster getuig het appellant haar onsedelik aangerand en/of verkrag het, het appellant erken dat hy wel onder die omstandighede soos deur die klaagster getuig, by die tersaaklike plekke saam met die klaagster was, maar het hy deurentyd ontken dat hy te enige stadium op enige wyse onsedelik of onweloweglik teenoor haar opgetree het.

- [7] Mnr Nel, namens appellant, het op uiters volledige wyse in

sy betoogshoofde verwys na die tersaaklike beginsels, met verwysing na regspraak, wat betref die versigtigheidsreëls wat van toepassing is in die onderhawige geval by oorweging van die klaagster se geloofwaardigheid. Die klaagster was dertien jaar oud tydens die beweerde voorvalle en vyftien jaar oud tydens haar getuienis aflegging. Soos tereg deur Mnr Nel uitgewys, is sy dus nie net 'n kindergetuie nie, maar ook 'n enkelgetuie. Hoewel daar nie meer 'n algemene versigtigheidsreël ten aansien van die getuienis van slagoffers van seksuele misdrywe geld nie, word die getuienis van klaagsters in sodanige gevalle egter steeds in sekere gevalle met addisionele versigtigheid benader. Mnr Nel het voorts in sy betoogshoofde en ook ten tyde van sy mondelinge betoog verwys na die weersprekings wat daar bestaan tussen die klaagster se getuienis in die hof en haar twee getuie-verklarings. Wat hierdie verklarings betref, het Mev Claassens, namens die Staat, ten tyde van haar betoog tereg daarop gewys dat dit in ag geneem moet word dat hierdie "beëdigde" verklarings, gegewe die ouderdom van die klaagster, nie ware beëdigde verklarings geag kan word nie. Sy het ook betoog dat veral gegewe dat die een verklaring 'n getikte verklaring is, daar

geen getuienis voor die hof is met betrekking tot die omstandighede waaronder hierdie verklarings afgeneem is, gegewe die jeugdigheid van die klaagster nie. Selfs in die hof was daar steeds gebruik gemaak van 'n tussenganger om die klaagster se getuienis op daardie wyse op rekord te verkry, wat, aldus haar betoog, 'n persoon des te meer die omstandighede waaronder die inligting vervat in die verklarings verkry is, laat bevraagteken. Laasgenoemde submissies van Mev Claassens was egter nie heeltemal korrek nie, aangesien die omstandighede waaronder die verklarings geneem was, wel in kruisverhoor aangespreek was. Sien oorkonde, p. 28, reël 7 tot p. 29, reël 7.

Hoe dit ookal sy, Mnr Nel het in ieder geval ten tyde van sy mondelinge betoog en voortspruitend uit sekere vrae wat deur my en my kollega, Van Rooyen Wnd R, aan Mnr Nel gestel is, toegegee dat dit uit die totaliteit van die getuienis blyk dat appellant 'n onnatuurlike belangstelling as 47-jarige man in die jong klaagster gehad het. Dit blyk uit die verskeidenheid selfoonoproepe wat hy aan haar gemaak het, die verskeie versoeke om na sy huis toe te kom, die versoeke om hom by die winkel te ontmoet en ander

soortgelyke gebeure waartydens geleentheid geskep is dat hy alleen saam met die klaagster kon deurbring. Laasgenoemde gebeure is dan ook deur appellant ten tyde van sy mondelinge getuienis bevestig, hoewel hy bloot die pleging van die onsedelike misdrywe ten tyde daarvan ontken. Gevolglik het Mnr Nel, na my mening tereg en op verantwoordelike wyse, toegegee dat in die lig van die totaliteit van die getuienis, hy nie op verantwoordelike wyse kan submitteer dat op sy eie weergawe, beskuldigde se weergawe nie hinderlike aspekte het nie.

- [8] Wat die verhoorhof se evaluering van die getuies en getuienis betref, is ek van mening dat dit nie op enige wyse gekritiseer kan word nie en het die verhoorhof na my mening in geen opsig hieromtrent misgetas nie. In die verband gaan ek die mees tersaaklike gedeeltes van die verhoorhof se uitspraak aanhaal, ook met verwysing na sekere gedeeltes van die getuienis (uitspraak, p. 109, reël 22 tot p. 111, reël 15):

“Die Hof moet net vermeld dat sy deurentyd tydens haar getuienis aflegging emosioneel geraak en gehuil het en dat die

Hof by talle geleenthede moes verdaag sodat sy kon herstel. Tydens kruisondervraging deur die verdediging ten opsigte van beskuldigde 1, het sy getuig dat sy wel twee verklarings by die polisie afgelê het welke verklarings weer voor die hofsaak met haar deurgegaan is. Sy het getuig soos sy die gebeure kon onthou. Sy kan nie die presiese datums van die voorvalle onthou nie. Die eerste keer se datum kon sy onthou omdat sy dit op haar selfoon gestoor het. Sy raak wel deurmekaar met die volgorde waarin die gebeure plaasgevind het. Sy het wel in haar verklarings ten opsigte van die eerste geleentheid gesê dat hy haar verkrag het hoewel hy nie sy privaatdeel toe in haar privaatdeel gedruk het nie. Sy meen egter dit is tog ook verkragting as sy hande by haar privaatdeel gesit het. Sy gee toe dat sy oor van die gebeure nagelaat het om te getuig wat in haar verklaring vermeld is omdat sy daarvan vergeet het. Daar is ook meer kere wat hy haar verkrag het as waarin in die aanklagte verwys is. Sy kan egter nie onthou hoeveel kere daar was nie. Sy het wel nie dadelik 'n rapport gemaak nie omdat beskuldigde 1 haar aangesê het om nie ander persone daarvan te vertel nie. Sy hou egter vol dat hy wel al hierdie dinge aan haar gedoen het. Sy het later alles aan Susan Remmelien, haar tante vertel.

Sy het die eerste keer net vertel dat hy aan haar borste gevat het en nie van die verkragting nie. Sy het egter wel later alles

aan haar tante en haar oupa vertel. Sy het net so vertel soos sy kon onthou en kan sy inderdaad nie alles onthou nie. Sy was ook bang om alles wat sy kon onthou aan haar oupa te vertel uit vrees dat hy vir haar sou slaan. Beskuldigde 1 het ook gesê dat hy vir haar 'n oopskui selfoon sou koop as sy sou stilbly oor die gebeure.

Sy gee toe in kruisondervraging ten opsigte van die verskil in die verklarings dat sy wel so hier en daar oor die gebeure deurmekaar geraak het, maar sy getuig ook dat sy nie sommer goed teen hom kan opmaak nie en dat hy wel hierdie dinge aan haar gedoen het..... Sy het wel sekere dinge waaroor sy getuig het in die Hof nie ook in haar verklaring aan die polisie genoem nie omdat sy soos sy getuig het, nie dinge onthou nie.”

Die verhoorhof het hierna op gedetailleerde wyse na die getuienis van appellant en sy getuie verwys.

Hierna het die verhoorhof na sekere aspekte verwys wat as bewese bevind word, wat onder andere die volgende ingesluit het (uitspraak, p. 126, reël 18 tot 24):

“Dat daar wel geleenthede was waar die klaagster saam met

beskuldigde 1 in beskuldigde-hulle se sitkamer op die sofa gesit het; saam met beskuldigde na 'n kraal of randjie op sy plaas was; saam met beskuldigde 1 in sy voertuig gery het en ook saam met hom na die klaagster se moeder se werk is en na sy eie werksplek toe.”

Die verhoorhof het toe, onder andere, as volg voortgegaan (uitspraak, p. 127, reël 16 tot p. 138, reël 23):

“Die klaagster was nog 'n jong dogter van 15 jaar oud toe sy haar getuienis deur middel van 'n tussenganger kom aflê het.

Ten opsigte van die gebeure tussen haar en beskuldige 1, is sy dan 'n enkelgetuie en sal die Hof uiteraard haar getuienis met omsigtigheid benader..... Die klaagster het haar getuienis kom lewer langer as twee jaar na die gebeure sou plaasgevind het. Selfs vir 'n volwassene sou dit uiters moeilik wees om alles in volgorde te onthou, wat nog te sê 'n kind. Die klaagster het wel gedetailleerde weergawes verstrek van sommige van die gebeure en telkemale terugverwys na die gebeure waar haar weergawe dan nie verskil het nie. Sy kon inderdaad nie datums van die voorvalle weergee nie, wat te verstane is. Dit is die reël eerder as die uitsondering dat jong kinders nie datums, dae van die week of tye kan weergee nie. Dit is ook algemeen dat jong getuies, veral waar daar verskeie

gebeure plaasgevind het, nie die korrekte volgorde van sulke gebeure kan weergee nie of dat sommige gebeure uitgelaat mag word. Opmerklik is egter dat sy van die gebeure weer en weer presies dieselfde herhaal wat aanduidend kan wees daarvan dat sy nie fabriseer nie. Gewoonlik waar daar stories opgedis word, veral waar daar kinders ter sprake is, is dit betreklik maklik om so 'n jong kind uit te vang deur net weer oor daardie gebeure uit te vra, dan gewoonlik verskil hulle weergawes. Dit het egter nie in haar geval gebeur nie. Sy verwys telkemale terug na spesifieke insidente soos na die gebeure binne sy woning, by die kraal en by sy winkel en ook in haar moeder se winkel. Sy verwys ook telkemale na sy beloftes oor 'n uitskuiffoon wat hy vir haar sou gegee het en goed wat hy vir haar moeder gegee het. Opmerklik is dat dit in stellings bevestig is dat daar inderdaad insidente was waar die klaagster en beskuldigde 1 by betrokke kon wees of was, byvoorbeeld dat sy en beskuldigde 1 wel op 'n sofa na 'n film sit en kyk het in sy woning, voor beskuldigde se vrou, Sonja, hom toe aangesê het oom te gaan slaap en dat beskuldigde 1 en die klaagster wel by 'n later geleentheid by beskuldigde 2 se werksplek aan die agterkant van die winkel in die toilet in is.

Beskuldigde 2 het ten opsigte van hierdie aspek verwys in haar getuienis dat sy toe opgemerk het dat iets vreemds met die klaagster aan die gang was by daardie geleentheid. Daar

is ook na die kraal insident verwys waar daar tydens kruisondervraging deur Adv Jonker aldus die inligting klaarblyklik tot sy beskikking, bevestiging was dat die klaagster en die beskuldigde alleen daar weg is na die kraal en dat die klaagster by hulle terugkeer ietwat anders sou opgetree het.

Dit is hieruit duidelik dat die klaagster nie sommer dinge uit haar duim sou gesuig het nie. Dit is ook duidelik dat soos die klaagster getuig het, beskuldigde 1 se vrou nie gelukkig was met haar, die klaagster, se aanwesigheid by hulle huis nie....

Die Hof kan vir geen oomblik aanvaar dat hierdie jong dogter in staat sou wees om die hele weergawe wat sy verstrekket, uit haar duim te suig nie en dat daardie weergawe dan boonop netjies sou inpas by die gebeure wat inderdaad volgens beskuldigde 1 plaasgevind het verwysende dan na die sit op die sofa en besoek aan die kraal, ensovoorts.....

Voorts sal dit onverklaarbaar wees waarom sy beskuldigde 1 met wie sy nooit enige probleme gehad het, valslik sou wou inkrimineer nie....

'n Belangrike aspek is voorts dat die mediese getuienis staving verleen aan die klaagster se weergawe dat daar wel penetrasie in haar privaatdeel was.....

Die klaagster verwys in hierdie saak, verwysende dan ook na die mediese getuienis, die vinger slegs na een persoon en dit is beskuldigde 1.

Susanna Magdalena Remmelien se getuienis het bloot behels die oproepe deur beskuldigde 1 na die klaagster se selfoon wat strook met die klaagster se weergawe dat beskuldigde een haar dikwels op haar selfoon gebel en boodskappe vir haar gestuur het.

Sy getuig dan ook oor die rapport wat deur die klaagster gemaak was....

Jan Remmelien, die oupa van die klaagster, se weergawe handel bloot net oor die klaagster se telefoonoproepe wat sy ontvang het van beskuldigde 1 en die gesprek wat hy dan met beskuldigde 1 sou gehad het.....

Hy het noot by die Hof die indruk gewek dat hy daarop uit was om beskuldigde 1 in 'n swak lig voor die Hof te stel nie..... Hy staaf die klaagster wel ten opsigte van die feit dat beskuldigde 1 wel na haar selfoon toe geskakel het.....

Bewysstuk "E" is 'n gewaarmerkte afskrif van die klaaster se

geboortesertifikaat wat daarop dui dat sy gebore is op 2 Desember 1992 wat haar ouderdom ten tyde van die gebeure in 2006 plaas op ongeveer 13 jaar.

Daarteenoor het die beskuldigde 1 tydens sy hoofgetuienis 'n minder gunstige indruk op die Hof gelaat. Ten opsigte van die klaagster se aantygings en die rede waarom sy hom valslik sou wou inkrimineer, trek hy gewoon net sy skouers op.....

As sy weergawe egter in samehang met die totaliteit van die getuienis en die waarskynlikhede onder die soeklig geplaas word, is daar verskeie aspekte uit sy weergawe wat vreemd en hoogs onwaarskynlik voorkom.

Opmerklik is dat sy weergawes van gebeure baie nou saam loop met die van die klaagster ten opsigte van die bestaan van die verskillende insidente, behalwe uiteraard dat hy die inkriminerende gedeeltes daarvan betwis. Beskuldigde 1 is telkemale soos 'n kat op 'n warm plaat rakende die gebeure...

Hy weerspreek hom ook ten opsigte van sekere aspekte...

Hy het telkemale ook met nuwe aspekte in sy hoofgetuienis vorendag gekom wat nooit tydens die verhoor aan die klaagster of aan ander staatsgetuies gestel is nie...

Beskuldigde, as 'n volwasse man, het duidelik 'n onnatuurlike en ongesonde belangstelling in die jong klaagster wie bloot 'n kind was, openbaar deurdat hy haar knaend gebel het, vir haar lugtyd gegee het en haar knaend by hom wou hê. Hy wil beweer 'n jong kind al hierdie dinge uit haar duim sou suig. Dit is gewoon te dik vir 'n daalder vir die Hof om te aanvaar.

Dit verduidelik ook steeds nie die feit dat die klaagster inderdaad ou geneesde genitale beserings het wat aanduidend is van penetrasie in haar privaatdeel nie. Sy wys die vinger na een persoon en dit is beskuldigde 1....

Na deeglike evaluasie dan van al die getuienis en toepassing van al die versigtigheidsreël ten opsigte van die klaagster se getuienis asook die waarskynlikhede aldan nie, is die Hof oortuig dat die klaagster en die ander getuies vir die Staat inderdaad eerlike en geloofwaardige getuies was.

Die Hof is ook tevrede en oortuig dat die beskuldigde inderdaad leuenagtig is rondom sy betrokkenheid by die klaagster en word sy weergawe waar dit verskil met die van die klaagster, as vals verwerp.

Die Hof is inderdaad bo redelike twyfel oortuig dat beskuldigde

1 hom inderdaad skuldig gemaak het aan van die aanklagtes teen hom.”

[9] Na behoorlike bestudering van die rekord en die betoë deur die onderskeie regsverteenwoordigers, vereenselwig ek my met die bogemelde bevindings en gevolgtrekkings van die verhoorhof en stem ek saam met die korrektheid daarvan.

[10] Die volgende wat egter oorweeg moet word, is die verhoorhof se verdere bevindings voortspruitend uit bogemelde gevolgtrekkings wat die getuienis betref. In die verband het die hof as volg op p. 138, reël 24 tot p. 139, reël 21 van haar uitspraak bevind:

“Die klaagster het oor ten minste drie geleenthede waarna sy spesifiek verwys het, getuig waar die beskuldigde deur sy handeling haar onsedelik aangerand het. Sy het dan ook getuig oor ten minste twee pertinente geleenthede waarby daar sonder haar toestemming, definitiewe penetrasie van beskuldigde 1 se privaatdeel in haar privaatdeel was wat verkragting daarstel.

Hoewel sy inderdaad verwys het na verskeie ander geleenthede, het sy nie daaroor in detail getuig nie. Die Hof het

egter vrae rondom daardie geleenthede rakende die hoeveelhede en wat presies daar gebeur het.

Die Hof is dus bo redelike twyfel oortuig dat beskuldigde 1 hom inderdaad skuldig gemaak het aan aanklagte 1 tot 3, naamlik die onsedelike aanranding klagtes en ook aanklagtes 4 en 5, verwysende na die verkragting-aangeleenthede.

Ten opsigte van die res van die verkragting klagtes, sal die Hof aan die beskuldigde die voordeel van twyfel gee aangesien die klaagster nie in detail oor verdere daadwerklike verkragtings getuig het nie.

Dus word beskuldigde een skuldig bevind aan aanklagtes 1 tot 5 soos aangekla en ten opsigte van aanklagtes 6, 7 en 8 word beskuldigde onskuldig bevind en ontslaan.”

- [11] Die verhoorhof het dus nie in haar uitspraak aangedui watter van die voorvalle sy as basis bevind vir die skuldigbevinding op welke aanklagte nie. Dit moet veral gesien word teen die agtergrond dat appellant op agt aanklagte tereggestaan het, synde drie van onsedelike aanranding en vyf van verkragting, terwyl ek reeds in paragraaf 4 hierbo opsommenderwys verwys het na elf voorvalle waaromtrent

die klaagster getuig het.

[12] Vanweë laasgenoemde situasie, het Mnr Nel reeds in sy betoogshoofde die volgende aan die hand gedoen:

“6.3 Die klaagster het van verskeie voorvalle getuig en was duidelik nie seker oor hoe die volgorde van die beweerde voorvalle nie.

6.4 Dit is ‘n foutiewe benadering om bloot dan te aanvaar dat die eerste drie voorvalle waaroor sy getuig het dan inpas by die drie klagtes van onsedelike aanranding en dat die twee voorvalle van beweerde verkragting waaroor getuig is, inpas by die eerste twee klagtes van verkragting.

6.5 Dit is net so moontlik dat die ander voorvalle van beweerde onsedelike aanranding waaroor getuig is, inpas by die eerste twee klagtes van verkragting.

6.6 Ten aansien van die verkragtingklagtes het die verhoorlanddros nie in aanmerking geneem dat daar ten tyde van sommige van die beweerde verkragtingsvoorvalle nie daadwerklike penetrasie plaasgevind het nie.

6.6.1

6.6.2

6.6.3 Sodanige pogings tot verkragting mag in die omstandighede moontlik saamval met die eerste twee klagtes van verkragting en is die appellant gevolglik verkeerd skuldig bevind.”

[13] Ter aanvulling van Mnr Nel se argumente in sy betoogshoofde, het hy aan die hand gedoen dat aangesien daar omskrywings is ten opsigte van die onderskeie onsedelike aanranding aanklagte, kon daar heeltemal tereg deur die verhoorhof ‘n skuldigbevinding op ‘n bepaalde van sodanige aanklagte uitgebring word wanneer daar oor ‘n voorval getuig is wat inpas by die handeling beskryf in elk van hierdie onsedelike aanranding aanklagte. Omdat die aanklagte ten opsigte van verkragting egter nie verder omskryf is nie, kan die blote feit dat verkragting tydens ‘n bepaalde geleentheid wel bewys is, nie tot gevolg hê dat die Hof van appél ‘n skuldigbevinding op byvoorbeeld aanklag 4 in die verband kan bekragtig nie, omdat dit nie duidelik is dat

dit die bepaalde voorval is waarop die hof *a quo* die appellant op aanklag 4 skuldig bevind het nie. Sodanige voorval kan, aldus Mnr Nel se betoog, 'n voorval wees waarop die verhoorhof appellant (verkeerdelik) onskuldig bevind het. Mnr Nel het betoog dat onder sodanige omstandighede, appellant se appèl ten opsigte van sy skuldigbevindings op die twee verkragting aanklagte, behoort te slaag.

Teenoor voormelde het Mev Claassens betoog dat juis omdat die klagstaat ten opsigte van die verkragting aanklagte so wyd bewoord is, is dit in orde dat die verhoorhof die skuldigbevindings gekoppel het aan twee geleenthede van penetrasie en nie aan spesifieke voorvalle of gebeure nie. Gevolglik kon die skuldigbevindings, aldus Mev Claassens se betoog, onder enige van aanklagte 4 tot en met 8 plaasgevind het, sonder dat dit 'n onreëlmatigheid daarstel.

- [14] Soos tereg deur Mev Claassens ten tyde van haar betoog vermeld, is die klaagster hier 'n kindergetuie wie oor 'n veeltal voorvalle wat oor 'n tydperk van ten minste drie

maande gestrek het, moes getuig. In sodanige geval is dit nie vreemd dat sy deurmekaar geraak het met datums en die kronologiese plaasvind van die gebeure nie. Soos ook reeds daarop gewys het die verhoorhof ook in haar uitspraak bevind dat dit nie vreemd is nie. Ek stem heelhartig hiermee saam. Wat ek egter wel uiters vreemd en onverstaanbaar vind, is dat die persoon wie verantwoordelik was vir die opstel van die klagstaat nie ook hierdie realiteit voorsien het nie. Daar moes sekerlik in hierdie geval eerder gebruik gemaak gewees het van Artikel 94 van die Strafproseswet, welke as volg bepaal en magtig:

“Waar dit beweer word dat ‘n beskuldigde by verskeie geleenthede oor ‘n tydperk ten opsigte van ‘n bepaalde persoon ‘n misdryf gepleeg het, kan die beskuldigde in een aanklag weens die pleging van daardie misdryf by verskeie geleenthede in ‘n vermelde aanklag aangekla word.”

Uit die bespreking van hierdie artikel, soos vervat in COMMENTARY ON THE CRIMINAL PROCEDURE ACT, Du Toit *et al*, is dit duidelik dat dit die werkswyse is wat in die onderhawige geval gevolg moes gewees het, beide ten opsigte van die aanklagte van onsedelike aanranding en

ten opsigte van die aanklagte van verkragting. Die volgende bespreking kom voor op p. 14-38:

“The accused’s constitutional right to a fair trial includes the right to be informed of the charges with sufficient detail to answer it.... This right is placed in jeopardy where the prosecution proceeds on a single count of rape while the evidence supports a multiplicity of rapes..... See *S v Mponda* 2007 (2) SACR 245 (C) at [13] and [14]. It is, furthermore, in the interests of the administration of justice that s 94 should be relied upon where required. Where it is not practicable to individually specify each occasion on which the crime was committed, the prosecution should draw up the charge as provided for in s 94 of the Criminal Procedure Act (*S v Mponda* at [16]). Reliance on s 94 not only protects fair trial rights, but is indeed also to the benefit of the administration of the criminal justice system as a whole. At [15] in *S v Mponda Binns-Ward* AJ explained as follows:

‘The administration of justice is potentially prejudiced because the allegation of only a single count of rape in a charge-sheet, where the evidence supports a multiplicity of counts, means that the properly convicted accused can be sentenced only as a single-count offender. As mentioned, this is cause for particular

concern in matters where the legislature has determined that offenders convicted on multiple counts should receive prescribed higher minimum sentences. It is liable to obstruct the achievement of legislative objects in the fight against crime and to bring the criminal-justice system into public disrepute.'

.....

In *S v Leopeng and Another* 1966 (4) SA 484 (A), the following finding of the court *a quo* was rejected: the accused were charged in separate charges with having broken into the same shop and having stolen goods on two occasions over a period of three weeks. Because of poor investigation, the goods which were stolen on the two occasions had become so mixed up that it was no longer possible for the state to prove what was stolen on each occasion. Because the items were taken from the same shop on both occasions and within a relatively short period, the two offences were treated as one and both accused were convicted thereof.

The Appellate Division rejected this approach as there was no evidence on which to base a conviction had the two charges been considered separately. In fact it was impossible for the State to prove which items were taken on the first occasion

and which on the second. It was therefore impossible to link any of the accused with the theft of any particular item on either of the two occasions.

Section 94 solves this problem. According to this section it is not necessary to specify the dates on which different offences were committed in respect of the same person. The various offences may be joint in one charge and it is sufficient merely to allege the period.....”

Dit moet vermeld word dat Mnr Nel ten tyde van sy betoog in die hof ook na voormelde uitspraak in S v LEOPENG AND ANOTHER, verwys het ter ondersteuning van sy betoog.

- [15] Wanneer die klagstaat van naderby beskou word, blyk dit na my mening dat die klagstaat, wat insluit die gedetailleerde bewerings met betrekking tot die drie onsedelike aanranding aanklagte, waarskynlik opgestel is aan die hand van die twee verklarings van die klaagster, saamgelees met mekaar. Hierdie afleiding maak ek omdat dit duidelik blyk dat die eerste drie voorvalle beskryf in die klaagster se verklaring van 30 September 2006, welke ek reeds opgesom het in

paragrafe 5.1 tot 5.5 hierbo, se bewerings ooreenstem met die bewerings in die klagstaat gemaak met betrekking tot die wyses waarop die klaagster onsedelik aangerand is.

Verdermeer het sy die vyfde voorval in voormelde verklaring beskryf as 'n voorval wat op die plaas by die kamp by die randjie plaasgevind het, waartydens die klaagster na bewering deur appellant verkrag is. Dit, saamgelees met die bewerings in haar tweede verklaring van 15 Februarie 2008, waarna ek reeds in paragrafe 5.6 tot 5.12 hierbo verwys het, blyk dit dat die klaagster beweer het dat sy min of meer vyf keer verkrag is. Laasgenoemde het, op waarskynlikhede, aanleiding gegee tot die Staat se formulering van die klagstaat wat betref die vyf aanklagte van verkragting, sonder om verdere besonderhede daaromtrent te vermeld.

- [16] Wat die aanklagte van onsedelike aanranding betref, het die verhoorhof, soos ek reeds na verwys het, appellant op daardie drie aanklagte, synde aanklag 1, 2 en 3, "skuldig bevind soos aangekla". Wanneer die *viva voce* getuienis van die klaagster in die hof ten opsigte van iedere en elk van

die voorvalle egter oorweeg word (soos reeds opgesom in paragraaf 4 hierbo), blyk dit egter dat geen enkele van die voorvalle wat deur die klaagster beskryf is, se bewerings wat appellant se handeling betref, presies ooreenstem met die bewerings gemaak in aanklagte 1, 2 en 3 nie.

- [17] Die mees voor die handliggende wyse waarop na my mening oorweeg moet word op watter voorvalle die verhoorhof die skuldigbevindings op die aanklagte van onsedelike aanranding uitgebring het, is om te oorweeg en te evalueer of dit op grond van die eerste drie voorvalle is waaromtrent die klaagster in die hof getuig het. Wanneer dit egter gedoen word, blyk dit dat die verhoorhof nie op grond van die klaagster se getuienis hieromtrent appellant sou kon skuldig bevind op aanklagte 1 tot 3 “soos aangekla” nie. In die verband verskil die bewerings as volg:

17.1 In aanklag 1, word die handeling beskryf as “haar hand op sy privaat deel te sit, sy vinger in haar privaatdeel te druk en haar privaatdeel te lek”. Die klaagster se getuienis wat die handeling betref is egter dat appellant sy hand op haar klere op haar

privaatdeel gesit het, hy haar hand op sy klere op sy privaatdeel gesit het en sy tong in haar mond gedruk het. Die enigste ooreenstemming hier is dus die feit dat hy haar hand op sy privaatdeel gesit het.

17.2 Die bewerings in aanklag 2 is dat appellant aan die klaagster se privaatdeel gevat het. Die klaagster se getuienis ten opsigte van die tweede voorval, is egter dat haar borste gesuig is.

17.3 Die bewerings in aanklag 3 is dat appellant die klaagster se borste gesuig het, haar privaatdeel betas het en haar gedwing het om sy privaatdeel te betas. Die klaagster se getuienis rondom die derde voorval was egter tot dien effekte dat hy sy middelvinger in haar privaatdeel geplaas het en probeer het om haar met sy privaatdeel te penetreer, maar nie suksesvol was daarmee nie.

[18] Dit blyk dus ongelukkig onteenseglik dat die verhoorhof die skuldigbevindings op aanklagte 1, 2 en 3 nie op die basis van die eerste drie voorvalle deur die klaagster in haar

getuigenis beskryf, kon baseer het nie. Die verdere probleem is dat wanneer die bewerings ten opsigte van die ander voorvalle, soos deur klaagster in haar getuigenis gemaak, oorweeg word, is daar nie enige van daardie voorvalle waarvan die bewerings pertinent en lynreg ooreenstem met die onderskeie bewerings in aanklag 1, 2 en 3 nie.

- [19] Dit het tot gevolg dat alwaar die verhoorlanddros nie in haar uitspraak dit gespesifiseer het nie, daar totale onsekerheid is met betrekking tot welke voorvalle sy as basis vir die skuldigbevindings op aanklagte 1 tot 3 gebruik het. Dit het die verdere gevolg, ook omdat dit nie gespesifiseer is nie, dat dit nie moontlik is om vas te stel op watter voorvalle die skuldigbevindings ten opsigte van die verkragtings gevolg het nie. Addisioneel hiertoe, en mees belangrik, is die feit dat dit derhalwe ook nie duidelik is op watter van die voorvalle die verhoorhof appellant onskuldig bevind en ontslaan het nie. Hoewel dit beslis so is dat iedere en elke van die voorvalle waaroor die klaagster getuig het, onsedelike aanranding deur appellant op die klaagster daarstel, bevind ons nou onself in die dilemma dat dit onmoontlik is om 'n bevinding te maak welke een van die

onderskeie voorvalle die basis gevorm het van 'n skuldigbevinding op aanklagte 1 tot 3, aangesien dit tot gevolg kan hê dat ons as Hof van appél 'n skuldigbevinding op 'n voorval uitbring ten opsigte van welke voorval appellant reeds deur die verhoorhof onskuldig bevind is. Dit is reeds duidelik dat die verhoorhof klaarblyklik fouteer het deur appellant op aanklagte 1 tot 3 skuldig te bevind “soos aangekla” en sou ons, as Hof van appél, indien ons geweet het op welke voorvalle daardie skuldigbevindings gebaseer is, die skuldigbevindings kon korrigeer deur dit te beperk tot die tersaaklike handeling deur die klaagster getuig wat val binne die omvang van die handeling soos in elke onderskeie aanklag beskryf. Onder die omstandighede kan dit egter nou nie gedoen word nie.

- [20] Wat die skuldigbevindings ten opsigte van die twee uit die vyf aanklagte van verkragting betref, het ek reeds daarop gewys dat die voorvalle ten opsigte waarvan die verhoorhof appellant hieromtrent skuldig bevind het, nie in die uitspraak gespesifiseer is nie, maar is daar slegs verwys na twee geleenthede waarby daar penetrasie plaasgevind het. Die vraag is nou, soos tereg deur Mnr Nel geopper, welke

voorvalle, veral inaggenome nog dat drie voorvalle nou reeds “uitgesluit” is as gevolg van die skuldigbevindings op die aanklagte van onsedelike aanranding, die verhoorhof die getuienis sodanig geëvalueer het dat sy bevind het dat daar daadwerklik penetrasie was. In die verband maak die volgende feite en/of omstandighede die situasie nog meer ingewikkeld:

20.1 Uit die klaagster se getuienis aangebied in die hof, blyk dit dat sy in haar getuienis in hoof getuig het van twee voorvalle waar penetrasie plaasgevind het, synde die voorval agter in haar moeder se winkel in die toilet (voorval 4 beskryf in paragraaf 4.4 hierbo) en ten tyde van die een voorval by die randjie op die plaas (voorval 9 beskryf in paragraaf 4.9 hierbo).

20.2 Ten opsigte van beide die derde voorval (die ander voorval by die skaapkraal) en die sewende voorval (die voorval in die winkel naby die droogskoonmakers), soos ook reeds na verwys in paragrawe 4.3 en 4.7 hierbo, het die klaagster getuig dat daar poging tot penetrasie deur appellant was, maar dat dit nie

sukksesvol was nie.

20.3 Laasgenoemde voorval by die skaapkraal, synde die derde voorval wat deur die klaagster beskryf is, is boonop ook een van die voorvalle ten opsigte waarvan, soos vroeër vermeld (paragraaf 17 hierbo), “vermoed” word dat die verhoorhof moontlik reeds ‘n skuldigbevinding ten opsigte van die een aanklag van onsedelike aanranding op basis van hierdie voorval uitgebring het.

20.4 Steeds wat laasgenoemde voorval by die skaapkraal betref, syne die derde voorval wat deur die klaagster beskryf is, maar ten opsigte waarvan sy in haar getuienis in hoof getuig het dat daar nie penetrasie plaasgevind het nie, het sy in haar getuienis in hoof getuig (oorkonde p. 10, reëls 23 tot 24), dat appellant haar ten tyde van hierdie voorval gevra het of sy penis nie te kort, te lank of te dik is nie, waarop sy geantwoord het dat sy nie weet nie. Wanneer dit vergelyk word met paragraaf 13 van haar beëdigde verklaring van 30 September 2006, soos dit voorkom

op p. 165 van die oorkonde, blyk dit dat ten tyde van 'n voorval op die plaas by die randjie appellant haar gevra het of sy penis nie te groot of te lank of te dik is nie, en sy geantwoord het dat sy nie weet nie, daar inderdaad wel penetrasie plaasgevind het.

20.5 Ten tyde van die klaagster se kruisverhoor soos dit voorkom op p. 37 tot 38 van die oorkonde, het die klaagster dan ook getuig dat sy by twee geleenthede op die randjie op appellant se plaas verkrag is.

20.6 Wat betref die elfde voorval betref wat die klaagster in haar getuienis beskryf het (sien paragraaf 4.11 hierbo), synde die voorval by appellant se winkel, het die klaagster geensins in haar getuienis in hoof die indruk probeer skep dat hy by daardie geleentheid gepoog het om haar privaatdeel te penetreer nie. Ten tyde van haar kruisverhoor hieromtrent, soos dit voorkom in die oorkonde op p. 41, reëls 3 tot 14, blyk dit egter dat hy wel gepoog het om haar te penetreer op daardie stadium, maar nie suksesvol was daarmee nie.

20.7 In haar opsomming van die klaagster se getuienis, het die verhoorlanddros slegs ten opsigte van een voorval pertinent in haar uitspraak vermeld dat daar penetrasie plaasgevind het, synde die voorval in appellant se moeder se winkel in die toilet daarvan. Sien uitspraak, p. 100, reëls 22 – 23. Wat betref die tweede voorval op die randjie, synde die negende voorval waaromtrent die klaagster getuig het en waaromtrent sy, in haar getuienis in hoof, spesifiek getuig het dat daar penetrasie plaasgevind het, het die verhoorhof dit nie spesifiek aldus in haar uitspraak vermeld nie. Sy het slegs as volg vermeld op p. 106, reëls 8 tot 11, van die uitspraak:

“Toe het hy probeer om sy privaatdeel te vat en dit in haar privaatdeel te druk. Sy het sy privaatdeel probeer wegneem, maar het hy haar vasgedruk.”

[21] Wanneer voormelde in ag geneem word, tesame met die feit dat uit die elf voorvalle waaromtrent die klaagster getuig het, dit nie duidelik is op welke van daardie elf voorvalle die

verhoorhof appellant skuldig bevind het aan onsedelike aanranding nie, en dit ook nie duidelik is ten opsigte van welke van daardie voorvalle die verhoorhof uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom het dat daar inderdaad penetrasie was nie, is dit onmoontlik om vas te stel op die basis van welke voorvalle die verhoorhof appellant se twee skuldigbevindings op die verkragting aanklagte gebaseer het. Wanneer die betoog namens die Staat in ag geneem word, synde dat dit nie gebaseer is op bepaalde voorvalle nie, maar op 'n bevinding van twee geleenthede van penetrasie is die vraag ongelukkig steeds ten opsigte van welke geleenthede die verhoorhof bevind het dat die Staat bo redelike twyfel penetrasie bewys het. As dit nie vasgestel kan word nie en die korrektheid, aldan nie, van sodanige bevinding derhalwe nie deur ons as Hof van appél geëvalueer kan word nie, is appellant op sy vryspraak geregtig.

- [22] Die feit dat die verhoorhof fouteer het deur nie spesifiek te vermeld ten opsigte van welke voorvalle bevind word dat die Staat bo redelike twyfel penetrasie bewys het nie, stel ons as Hof van appél, onder hierdie omstandighede, ook nie

instaat om opnuut die getuienis te oorweeg en te beslis of skuldigbevindings op die ten laste gelegde aanklagte van verkragting bewys is nie. Dit is so omdat ons nie weet op welke van die elf voorvalle soos deur die klaagster beskryf, die verhoorhof haar drie skuldigbevindings ten opsigte van die aanklagte van onsedelike aanranding en haar twee skuldigbevindings ten opsigte van die aanklagte van verkragting gebaseer het nie. Dit kan nie uitgesluit word dat die verhoorhof moontlik op 'n voorval waar nie penetrasie bewys is nie, wel (verkeerdelik) 'n skuldigbevinding op verkragting uitgebring het en 'n voorval waar penetrasie wel bewys is, (verkeerdelik) nie 'n onskuldigbevinding op 'n aanklag van verkragting uitgebring het nie. Dit kan tot gevolg hê dat indien ons die getuienis opnuut sou oorweeg en sou besluit op welke voorvalle daar skuldigbevindings behoort te wees, aldan nie, of sou spekuleer op welke voorvalle die verhoorhof die skuldigbevindings op aanklagte 1 tot 5 uitgebring het, ons die gevaar sal loop om 'n skuldigbevinding uit te bring op 'n voorval ten opsigte waarvan die verhoorhof reeds appellant onskuldig bevind het. Dit is nie toelaatbaar nie. Sien S v Motha 1987 (1) SA 374 (T)

[23] Gevolglik het ons as 'n Hof van Appél geen ander keuse as om vanweë die verhoorhof se versuim om aan te dui welke voorvalle die basis vorm van die onderskeie skuldigbevindings, al die skuldigbevindings tersyde te stel, nieteenstaande die feit dat die wese van die klaagster se getuienis aanvaar word nie.

[24] Derhalwe slaag appellant se appél en word sy skuldigbevindings en opgelegde vonnisse tersyde gestel.

C. VAN ZYL, R

Ek stem saam:

P.C.F VAN ROOYEN, WNDR

Namens die appellant:

Adv J Nel
In opdrag van:
Rossouws Prokureurs

BLOEMFONTEIN

Namens die respondent:

Adv BG Claassens
In opdrag van:
Direkteur van Openbare
Vervolgings
BLOEMFONTEIN